

Maandag 27 September

Skrifgedeelte: Judas:14-16

Fokusgedeelte: Judas:15a

God se oordeel

Gód gaan oor almal en alles oordeel. Daarom kan jy jouself afvra: Is jy bang vir God se oordeel? Is jy bevrees vir daardie dag as die “boeke geopen” word en God elkeen sal oordeel “oor alles wat hulle gedoen het?” (Op. 20:12). Om hierdie dringende vraag te kan beantwoord, is dit nodig dat ons sal verstaan: Wat beteken God se oordeel? Waar begin dit en waar eindig dit? En wat behels dit alles?

Reeds heel aan die begin van die geskiedenis van die mensheid – om presies te wees: sewe geslagte vanaf Adam (vs 14) – het God sy oordeel aangekondig, sê Judas. Sy oordeel oor sonde en ongeregtheid. Só lees ons in die Bybel van God se oordele oor Sodom en Gomorra, oor Egipte, oor Israel se sonde en ongehoorsaamheid, oor afsonderlike mense en groepe. Altyd steeds om die eer en heerlikheid van die Naam van ons Here te beskerm.

Maar oordeel moet ons nie negatief sien nie – so asof oordeel nét dui op straf en dood en vernietiging nie. Ja natúúrlik – daar begin dit, en dit is ook waar! Maar ons moet ook dít onthou: God se grootste oordeel is mos eintlik reeds voltrek. Aan die kruis van Golgota het Hy oor jóu en my sonde geoordeel. Die bevinding was: Die mens is skuldig! Maar ... Jesus Christus sal die oordeel van God tot in die dood en hel ondergaan. God se toorn oor sonde bars los in die Godverlatenheid van sy Seun aan die kruis. Bittere lyding ... enorme pyn ... onmenslike vernedering ... en dit in jóu plek. God het geoordeel!

En dít is die heerlike en positiewe: As die Here in sy liefde en genade vandag na jóu, sy kind, kyk, sien Hy, deur die bloed van Jesus Christus, alles in jou lewe raak. Maar Hy sal “aan jou sondes nóóit meer dink nie” (Rom. 8:12). Sien jy hoe héérlik is God se oordeel? Maar dit beteken nóóit dat die mens maar kan aanhou sondig nie. Nee! ’n Kind van God dra elke dag, deur die oordeelsvergiffenis van Christus, vrugte van bekering ... goeie vrugte uit dankbaarheid.

As jy dan van God se oordeel lees, dink nét aan Jesus Christus. Gaan elke dag binne met die vaste versekering wat die Heilige Gees aan jou sal gee: God se oordeel is nét genade. Want daardeur ontvang jy vrypraak en vergiffenis van ál jou sonde. Daarvoor het Jesus Christus gesorg. Bly maar net in die liefde van God en stel jou hoop op Hóm wat getrou en regverdig is: ons Here wat jóu oordeel tot die ewige lewe!

Sing: Psalm 9-1:12

Ds. NW (Nico) Ligthelm (Emeritus)